



Aftree-Oord
Retirement Village

Webbweg 1244 Webb Road
Queenswood Pretoria
0186

Tel. 012 333 4445 x 103

Web
www.huisherfsblaar.co.za

Welsyn / Social nr
001-676NPO

Epos / Email
manager@huisherfsblaar.co.za

BTW / VAT nr
4960184465

REËLS / BEPERKINGS

Die volgende is belangrik:

28 June 2022

Die veiligheid van ons inwoners, alle besoekers, die personeel en diensverskaffers is vir ons belangrik. Ons gesamentlike en individuele optrede bepaal hoe virale oordrag beheer word:

Ons dra maskers

- Met ingaan by die versorgingseenheid.
- Met diensverskaffing in wooneenhede.
- Waar direkte kontak met 'n inwoner nodig is.
- Met voorbereiding en bedien van etes.
- Dankie dat u bedagsaam is en u masker in ander binnenshuise areas ook dra

Ons ontsmet gereeld hande

- Wanneer ons die gebou binnegaan
- Wanneer die badkamer gebruik word
- Na kontak met ander

Handhaaf veilige sosiale afstand waar moontlik

Inenting

- Is steeds verpligtend vir alle personeel en diensverskaffers.
- Word steeds aanbeveel en verkies vir alle inwoners,
- Word steeds aanbeveel en verkies vir alle besoekers.

REG VAN TOEGANG VOORBEHOU

BEHEER VAN BESOEKERS:

By die Hek

- Bestuurders van voertuie moet 'n geldige rybewys aanbied vir skandering.
- Voetgangers moet 'n geldige identiteitsdokument aanbied vir skandering.
- Slegs persone wat die besoekers aansoek vorm voltooi, dit indien en 'n geldige besoekerskaart ontvang het, sal toegelaat word om die perseel te betree. Kinders is hierby ingesluit en besoekerskaarte moet ook aan hulle uitgereik word.
- Hierdie kaart moet getoon word wanneer u by die hek aankom anders sal toegang geweier word.
- Die bestuurder van die voertuig sowel as en alle passasiers in die voertuig moet ook 'n geldige besoekerskaart toon.
- Besoekers **kan** 'n **weggoimasker** vir **R 2,00** by die hek koop. Ons versoek dat die korrekte bedrag betaal word, die personeel sal nie kleingeld hê nie. Die korrekte bedrag moet in die houer wat by die hek voorsien is gegooi word en dan sal die weggoibare masker uitgereik word.
- 'n Houer word by die hek geplaas waarin alle gebruikte PBM weggegooi moet word wanneer jy uitgaan.
- Aflewering moet by die hoofingangshek gedoen word en die pakkies mag nie direk van eienaar verwissel nie. Die persoon wat aflewer ontsmet sy/haar hande en sit die pakkie neer, jy ontsmet jou hande voor jy dit neem.
- Die Suster van die saal of anders Ina / Aloma sal oordeel of 'n inwoner kan uitgaan of nie.

In die eenheid waar besoek plaasvind.

- Ons moet asseblief onder geen omstandighede die dienshysbak by die kombuis gebruik nie. Dit is ook belangrik dat ons kontak met personeel beperk.
- Alle besoekers aan die D-Blok, E-Blok en Kliniek moet asseblief die ingang by die Herfsmed Kliniek gebruik en van daar na die verskillende punte beweeg. Die suster van D3 en D4 sal reëlins tref dat deure wat gesluit is tydens besoektyd vir u oopgemaak word.
- Besoekers aan die A-Blok sal by die hoofingang ingaan en die hysbak langs die eetsaal gebruik. Besoekers moet ook voortdurend verseker dat hulle kontak met ander inwoners, besoekers en personeel vermy.

- Dit is noodsaaklik dat daar doeltreffend ventilasie in die eenheid gehandhaaf word en spesifiek wanneer besoeke plaasvind, moet vensters en deure oopgehou word.
- Die reël van slegs twee besoekers per inwoner sal op enige gegewe tyd in die eenheid toegelaat word. Meenthuisse uitgesluit en moet self aantal besoekers reguleer.
- In die geval van ernstige siekte sal die suster van die saal / spreekkamer die nodige reëlins met die familie en die hek maak.
- Die korrekte gebruik van die beskermde toerusting is verpligtend, en die toerusting mag nie met ander gedeel word nie.
- Geen besoekers sal buite die voorgeskrewe ure toegelaat word nie. d.w.s.
 - Versorging 10:00 tot 11:30 en 15:00 tot 16:30 en 19:00 tot 20:00
 - Woonstelle 05H30 – 12H30 en 15H30 – 20H00
 - Meenthuisse 05H30 – 21H00

In die tuin

- Besoekers word toegelaat om in die tuin gesellig te verkeer en te reël om inwoners daar te ontmoet.
- Ons versoek ook dat besoekers nie onnodig op die perseel rondbeweeg nie en dat u die kortste pad na en van die eenheid of die tuin gebruik.

Neem asseblief kennis dat sou ons nie voldoen aan die reëls soos in hierdie dokument verduidelik nie, dit kan lei tot die onttrekking van die besoeker se kaart en toekomstige toegang sal geweier word.

Inwoners wat kan uitgaan.

- Die suster van die saal of Ina/Aloma sal oordeel of 'n inwoner kan uitgaan.
- Inwoners mag uitslaap of met vakansie gaan mits die nodige toestemmings verleen is en met terugkeer sal die inwoner 2 x per dag vir 3 dae gemonitor word. U mag uit u eenheid gaan gedurende hierdie tydperk. Die groep aktiwiteite moet egter vermy word. (o.a. nie in die eetsaal eet nie.) Sou simptome ontstaan sal die verpleegpersoneel die nodige protokol bespreek en die inwoner inlig.
- Indien dit onder ons aandag kom dat 'n inwoner nie die nodige maatreëls nakom nie of dat hulle dalk kontak gehad het met mense wat positief is, sal hulle in kwarantyn geplaas word.

INDIEN ONS NIE DIE MAATREËLS GEHOORSAAM IS NIE, STEL ONS NIE
NET ONSSELF IN GEVAAR NIE, MAAR OOK ANDER WAT
HOËRISIKOGEVALLE IS.

ONS BEDANK GRAAG ALMAL VIR JULLE SAMEWERKING.